

Donderdag 6 Januarie

Skrifgedeelte: Romeine 1:14-25; NGB Artikel 2

God is nie na die beeld van 'n mens geskape nie

Die leuen waarvan vers 25 praat, is die gevolg van 'n versteurde Godsbeeld. Dit bestaan daarin dat die mense met hulle dwase gedagtes vir hulle 'n god fabriseer en dan beeld hulle hul versteurde godsbeeld af in die sigbare vorm van 'n verganklike mens en skepsele, soos voëls of diere of slange. Só verruil hulle God, wat die waarheid is, vir die leuen.

Vers 21b-24 leer dat dit die gevolg is daarvan dat die mens se hart *verduister* is. Hy kan die onsigbare dinge van God, wat duidelik in die skepping geopenbaar is, nie reg begryp nie. Jy kry dus selfs by die heiden presies die sondige neigings waarvoor God die eerste en die tweede gebod (Deut. 4) vir Israel gegee het. Die heiden onderdruk nie alleen die kennis van die ware God nie (eerste gebod), maar in sy begeerte om ook godsdienstig te wees, maak hy as gevolg van sy futiele denke (vs 22) beelde van sy eie gedagte-god en aanbid dit. By dit alles dink die heiden dat dat hy wys is, maar in werklikheid is hy dwaas. In hierdie proses is hy nogal selfversekerd en hoogmoedig (vs 21). Hierdie dwaasheid het mens ook by God se volk Israel in die Ou Testament gekry (Jes. 44:22).

Weens hierdie toedrag van sake staan die heiden, net soos die Jood, onder die toorn van God. En die toorn van God word dan gesien daarin dat die heidene oorgegee word aan die drange van hulle hart en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hul liggame “onder mekaar onteer”. Seksuele losbandigheid is dus in Romeine 1 reeds die gevolg van God se toorn; nie die rede vir God se toorn nie. God gee mense aan hulleself oor. Hulle ruil die kennis van die ware God in vir 'n leuen. Dis 'n baie slegte ruil: wat hulle in ruil daarvoor kry, is 'n lewe van seksuele losbandigheid. Die enigste manier om so 'n mens te red, is dat God deur sy Gees vir hulle die regte Godsbeeld leer – en dit begin by die verkondiging van Christus. In die aangesig van Jesus Christus leer ken ons die ware God reg en word ons weggeruk van die ewige verderf. *Daarom* moet die evangelie van God wat deur sy Seun Jesus Christus red, verkondig word. Die dwaas word tot dié insig gebring deur die Heilige Gees – wie die gekruisigde Christus ken, het by die ware wysheid van die ware God gekom.

Sing: Psalm 86-1:4, 5

Ds. JH Grobler (Hans) (Reddersburg en Bloemfontein-Suidheuwels)